Tempo: Kollig op Laurika Rauch

Erns Grundling

Al vier sy haar dertigste jaar in die musiekbedryf, sê Laurika Rauch steeds die verskyning van 'n nuwe CD is ''senutergend''.

Maar sy is verniet bekommerd. **'n Lekker Verlang Liedjie** is een van haar beste albums nog en bevestig net weer haar status as ons nommer een-vertolker van sielvolle verwerkings.

Sy omring haar met die beste musikante en liedjie-skrywers en werk maande lank onverpoos aan 'n nuwe album. Hierdie sorg en gehalte sien 'n mens in elke snit – soos dié keer weer met Louis Brittz as regisseur en Derick Louw as klankingenieur.

Oor die nostalgie in die titelsnit, *Rolprent*, en in *Blou Kafee* sê Laurika: ''Ek dink daar is 'n element van verlange en nostalgie in alles wat ek doen. In briewe van oorsee sê mense dikwels hulle verlang en dit voel of hulle terug is by die huis as hulle na my liedjies luister. Ek probeer iets weergee wat universeel is vir alle kulture en tye.''

Sy gaan vernuftig te werk as sy nuwe materiaal soek en het al vir verskeie jong kunstenaars – soos Gian Groen en Etienne Steyn – blootstelling gegee deur hul liedjies op te neem. Drie liedjies van Emile Minnie kry nou die ''Laurika-behandeling''. *Sê Dit* en *Waterval* is van die mooiste liedjies op die album. Haar man, Christopher Torr, het deur die jare ook van haar gewildste liedjies geskryf.

Die klavier is gewoonlik die oorheersende instrument op haar albums, maar dié keer is dit die kitaar, met meesterlike spel deur onder andere Juan (Floors) Oosthuizen en Gideon (Giddi) Botes.

''Dit was 'n doelbewuste besluit. Ek hou van die folk-gevoel uit die vroeë jare sewentig soos James Taylor, Cat Stevens en Jim Croce destyds gespeel het,'' sê sy.

'n Vroeë gunsteling vir die gewildste liedjie is *Brêkfis in Bloemfontein*. Dit is deur 'n nuwe liedjieskrywer, Mariki de Villiers-Knop, en gaan oor 'n helende ''road trip'' wat 'n paartjie regoor die land onderneem. ''Ek hou daarvan as 'n liedjie werk wanneer ek op die langpad daarna luister,'' sê Laurika.

Haar liedjies op dié album reis ook op die langpad na elke luisteraar se verlede, waar dit nesskop in nostalgie. En van daar is dit kortpad – reguit na die hart.

Desember 2007